

Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.

Tema: Om te wees wie ons regtig is

Skriflesing: Lukas 4:1-12

Broodjies vir die pad

“We know what we are, but not what we may be.”

— William Shakespeare

“He allowed himself to be swayed by his conviction that human beings are not born once and for all on the day their mothers give birth to them, but that life obliges them over and over again to give birth to themselves.”

— Gabriel García Márquez, *Love in the Time of Cholera*

“We leave something of ourselves behind when we leave a place, we stay there, even though we go away. And there are things in us that we can find again only by going back there.”

— Pascal Mercier, *Night Train to Lisbon*

“Do not free a camel of the burden of his hump; you may be freeing him from being a camel.”

— G.K. Chesterton

“Remembering our past, carrying it around with us always, may be the necessary requirement for maintaining, as they say, the wholeness of the self. To ensure that the self doesn't shrink, to see that it holds on to its volume, memories have to be watered like potted flowers, and the watering calls for regular contact with the witnesses of the past, that is to say, with friends. They are our mirror; our memory; we ask nothing of them but that they polish the mirror from time to time so we can look at ourselves in it.”

— Milan Kundera, *Identity*

LENT

After being baptized by John in the river Jordan, Jesus went off alone into the wilderness, where he spent forty days asking himself the question what it meant to be Jesus. During Lent, **Christians are supposed to ask one way or another what it means to be themselves.**

If you had to bet everything you have on whether there is a God or whether there isn't, which side would get your money and why?

When you look at your face in the mirror, what do you see in it that you most like and what do you see in it that you most deplore?

If you had only one last message to leave to the handful of people who are most important to you, what would it be in twenty-five words or less?

Of all the things you have done in your life, which is the one

you would most like to undo? Which is the one that makes you happiest to remember?

Is there any person in the world or any cause that, if circumstances called for it, you would be willing to die for? If this were the last day of your life, what would you do with it?

To hear yourself try to answer questions like these is to begin to hear something not only of who you are, but of both what you are becoming and what you are failing to become. It can be a pretty depressing business all in all, but if sackcloth and ashes are at the start of it, something like Easter may be at the end.

— Frederick Buechner, Originally published in *Whistling in the Dark* and later in *Beyond Words*

“We don't read and write poetry because it's cute. We read and write poetry because we are members of the human race. And the human race is filled with passion. And medicine, law, business, engineering, these are noble pursuits and necessary to sustain life. But poetry, beauty, romance, love, these are what we stay alive for. To quote from Whitman, "O me! O life!... of the questions of these recurring; of the endless trains of the faithless... of cities filled with the foolish; what good amid these, O me, O life?" Answer. **That you are here - that life exists, and identity; that the powerful play goes on and you may contribute a verse. That the powerful play *goes on* and you may contribute a verse. What will your verse be?**”

— N.H. Kleinbaum, *Dead Poets Society*

Kiëf

Daardie stad besoek met jou, 'n fotograaf op 'n reisbesoek van Rusland na die Oekraïne. Hier verbied die kondukteur jou om foto's te neem deur 'n venster op pad na die grens.

'n Tyd voor die putsch en daarna 'n uitstalling van hierdie landskap met foto's van Київ se letsels van die WO II opmerklik uitgebeeld soos my onvermoë om van jou te herstel.

Vanoggend kyk ek na afdrukke van die Sint Sofia, die Marrinski-paleis en die Vryheidsplein en wonder of jy waar jy tans vertoef, tog onthou van “Poem through binoculars” se dubbelbeelde:

want jou dood se stilte is ónverduurbaar, terwyl 'n nuwe oorlog woed: onloënbaar.

Joan Hambidge, 2022

“How could she feel nostalgia when he was right in front of her? How can you suffer from the absence of a person who is present?”

You can suffer nostalgia in the presence of the beloved if you glimpse a future where the beloved is no more”

— Milan Kundera, Identity

Name, stories in God se familiesaak

Wilhelm Jordaan

In die filosofie van taal word ’n einaam beskou as ’n wesenlike aspek van identiteit, van unieke eiesoortigheid. Én, saam daarmee, al die stories eie aan ’n naam.

Dit het ek opnuut beleef toe ek van die rugbyskrywer Herman le Roux (86), ook oud-sportredakteur van Volksblad en Beeld, ’n lys name kry van oud-Volksbladders wat al 80 jaar en ouer is – as ’t ware ’n klein “familietjie” koerantmense wat krioel van stories.

Só kan ’n mens ook die einame (en stories) in eie familiekring oproep – die gewigtige swaardra-name van voorouers wat dalk joune geword het, of vervorm is om ligter, nuwerwets te klink. So saam met die mooi stories wat jy onthou en die minder mooies wat jy liefs verswyg.

Dán diep ’n mens die foto-albums op en jy kyk en kyk en kyk . . . en verstaan opnuut die seggingskrag van die identiteitspreuk: Ek het familie, daarom is ek.

Met die denksprong van geloof kom daar ’n verruklike verband met ’n ander soort register van einame, soos dit in die evangelie van Matteus aangeteken is: “Die geslagsregister van Jesus Christus. Abraham was die vader van Isak, Isak van Jakob, en Jakob van Juda en sy broers; en Juda was die vader van Peres en Serag by Tamar . . .”

Lees verder en jy sien die name van baie pa’s en ma’s en hul kinders tot by die geboorte van Jesus. ’n Gewone familielyn met stories. Soos myne en joune. En so word óns name dan gevoeg by God se register, sy Familiesaak. Omdat Hy, soos die digter Ina Rousseau dit beskryf, op ’n dag in sy lang geskiedenis sy mens beplan en bemin het van die minuut van ingewing af.

En wat hom, sonder dat ons dit begryp, “uit soewereine Wil” aan die mens verbind het in die volle menslikheid van die timmerman van Nasaret; die “Visarendjie van God wat in ons benoude vlees geval” het, soos die digter N.P. van Wyk Louw skryf.

Maar dié Familiesaak is nie net mooi nie, het ek op ’n keer elders geskryf: “Onse Here Jesus had hoere en skandes in sy familie, ja./Daar was Ragab, ja, en Batseba/se ding met koning Dawid/wat ons bring by Salomo:/die sewehonderd vroue en die hooglied/oor borste soos lammers/tweelinge van ’n gemsbok, ja./Seker hoekom die Seun van die Mens/soveel genade het met mens;/sy familie wat met liefde/skande maak, ja.”

Dit alles is deel van die naamregister waaruit die “Seun” gestam het en, so glo ons, as ’n gestuurde na ons gekom het. Om ons in dié “Groot Familiesaak” op te neem. En ’n sagte oordeel bring omdat hy nader aan jou is as wat jy aan jouself is; jou kern ken, verby die vel tot in die chemie van elke sel; wat weet hoe diep jou blindheid is en jou vashou, styf teen die braille van sy lyf. En wat jou identiteit en plek in die Familiesaak bevestig: “Ek het jou by die naam geroep. Jy is myne.”

Jordaan is ’n emeritus professor in sielkunde.

<https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/menings/name-stories-in-god-se-familiesaak-20220223>

Brood vir die pad

Alleenheid nodig vir belewenis van gemeenskapslewe

RRV

In 1939 verskyn die Duitse predikant en teoloog Dietrich Bonhoeffer se boek *Gemeinsames Leben* (later in Engels uitgegee as *Life Together*).

Dit is ironies dat dié werk se ontstaan in ’n sekere sin aan die Gestapo te danke is deurdat hulle ’n teologiese seminarium in Finkenwalde gesluit het waar Bonhoeffer leiding geneem het. Bonhoeffer het daarna gedring gevoel om ’n boek oor Christelike gemeenskap te skryf in die lig van hul ervarings om vir twee jaar daar saam te leef as studente en predikante van die Belydende Kerk (die deel van die Protestantse kerk in Duitsland wat die Nazi-ideologie verwerp het).

Die eerste hoofstuk handel oor die vreugde, uitdagings en karakter van ’n Christelike gemeenskapslewe. Met die lees daarvan word dit gou duidelik dat Bonhoeffer nie met ’n geïdealiseerde beeld van Christelike gemeenskap wil werk nie. Intendeel, hy skryf diegene wat hul droom van ’n Christelike gemeenskap meer liefhet as die gemeenskap self, word eintlik vernietigers daarvan, al is hul bedoelings hoe eerlik, opreg en opofferend.

Christelike gemeenskap is daarom nie ’n abstrakte ideaal wat ons moet verwerklik nie, maar ’n konkrete werklikheid om aan deel te neem.

In die hoofstuk “The Day Together” fokus Bonhoeffer op gemeenskaplike Christelike praktyke soos om saam die Bybel te lees, saam te sing, saam te bid en saam feestelik te verkeer. Dit is betekenisvol dat dié hoofstuk opgevolg word met ’n hoofstuk oor “The Day Alone”. Daarin ontken Bonhoeffer nie die belangrikheid van ons lewe saam nie, maar hy wys op die gevaar daarvan om gemeenskap as ’n soort geestelike sanatorium te misbruik om jou eensaamheid te ontvlug. Daardeur doen ’n mens op die duur groot skade aan jouself én ander.

Daarom Bonhoeffer se opmerking dat diegene wat nie alleen kan wees nie, moet waak teen gemeenskap. Nes diegene wat dit nie kan verdra om in gemeenskap te wees nie, moet waak teen alleenheid. Vir Bonhoeffer steun alleenheid en gemeenskap dus ten nouste op mekaar. Dit is immers juis uit die stilte van alleenheid dat egte spraak in die gemeenskap dikwels ontspring.

Vir die gesprek oor ’n geloofwaardige spiritualiteit vandag, bly dit ’n belangrike insig dat alleenheid en gemeenskap, asook stilte en spraak, onlosmaaklik verbonde is. In *Life Together* verwoord Bonhoeffer ook bondig iets van hierdie verweefdheid in die volgende seënbede: “Blessed are those who are alone in the strength of community.

“Blessed are those who preserve community in the strength of solitude.”

<https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/sielsdinge/geestelike-waardes-alleenheid-nodig-vir-belewenis-van-gemeenskapslewe-20220226>

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877